

## WOORDELYS - PLANTWEEFSEL

<b>Endodermis</b>	'n Enkel laag baksteenvormige selle wat die binneste laag van die korteks vorm en 'n Caspariese strook in sy selwande het.
<b>Epidermis</b>	By diere is die buitenste laag wat hoofsaaklik uit epiteelselle bestaan en geen senuwee-eindpunte en bloedvate bevat nie; in plante, die buitenste laag dermale weefsel.
<b>Floëem</b>	Vaatweefsel wat opgeloste voedingstowwe (suiker opgelos in water) vanaf fotosinterende selle na ander dele van die plant vervoer vir groei of opberging. Hierdie tipe weefsel bestaan uit lewende selle wat deur dwarswande met klein gaatjies geskei word.
<b>Gedifferensieerde selle</b>	Veranderings van nuwe selle om weefsels of organe te vorm met 'n spesifieke funksie.
<b>Kollenchium</b>	Weefsel wat bestaan uit selle met oneweredig verdikte wande.
<b>Kutikula</b>	Wasagtige, waterdigte stof wat geproduseer word deur die epidermale selle van blare, stingels en ander bogrondse plante; voorkom skade en verlies aan water deur verdamping.
<b>Meristeme</b>	Ongedifferensieerde weefsel waaruit nuwe selle gevorm word, soos aan die punt van 'n stingel of wortel.
<b>Ongedifferensieerde selle</b>	In 'n toestand van selontwikkeling wat gekenmerk word deur isodiametriese selvorm, met baie min of geen vakuool en 'n groot kern.
<b>Parenchium</b>	Die primêre weefsel van plante wat bestaan uit groot, dunwandige selle wat in staat is om seldeling te onderhou, selfs as hulle volwasse is, vorm die grootste deel van blare, wortels, die vrugte en die stingel.
<b>Sif-elemente</b>	Sel in die floëemweefsel wat gemoeid is met die geleiding van voedsel in die lente. By blomplante word dit 'n sifvat genoem.
<b>Sifvate</b>	'n Reeks sifvate wat by hulle punte aanmekaar geheg is en verbind word deur sifplate.
<b>Sklerenchium</b>	Weefsel wat bestaan uit dikwandige selle wat lignien bevat vir sterkte en ondersteuning. Kom voor in wortels, stingels en blare.
<b>Sluitselle</b>	Boontjievormige sklerenchium selle in die epidermis; swel en krimp deur osmose om stomata oop en toe te maak. Stomata (enkelvoud stoma) is klein porieë in die epidermis van 'n blaar wat transpirasie en gaswisseling met die lug beheer.
<b>Trageïede</b>	Verlengde xileemselle met spits punte.
<b>Vaatweefsel</b>	Weefsel wat water en voedingstowwe deur die plantliggaam in hoër orde plante lei.
<b>Wortelhaar</b>	Epidermale seluitgroeisel van jong wortel wat die absorpsie oppervlakte vergroot.
<b>Xileem</b>	Vaatweefsel wat water en opgeloste minerale van wortels na stingels en blare vervoer. Hierdie tipe weefsel bestaan uit dooie selle wat nie eindwande tussen aangrensende selle het nie. Die sywande is dik en versterk met lignien, wat dit sterk en waterdig maak.

**Meristematies**  
Aktiefverdelende selle wat nie gedifferensieerd is en wat groei kan bevorder

**PLANTWEEFSEL**

**Permanent**  
Volwasse selle wat reeds gedifferensieerd is vir 'n bepaalde funksie


**Epidermale**



**Struktuur:**  
Gewoonlik 'n dun enkele laag deursigtige baksteenvormige selle sodat lig vinnig en maklik deur die fotosintetiserende selle kan beweeg. Selle is dig gepak met geen tussenruimte nie en vorm 'n beskermende hindernis teen meganiese besering en die indringing van bakterieë en virusse. Die selle bevat geen chloroplastes nie, behalwe in **sommige** skaduplante en in sluitselle wat stomata omring, dus kan hulle nie fotosintetiseer nie. 'n Wasagtige kutikula omring die epidermale selle van die meeste blare en kruidagtige stingels verminder waterverlies deur verdamping (transpirasie).

**Funksies:**  
Beskerming  
Absorpsie van water  
Gaswisseling  
Laat sonlig deur vir fotosintese by onderliggende selle.

**Parenchium**




**Struktuur:**  
Groot selle wat so lank as wat dit wyd is - dit wil sê isodiametries. Die selle het dun sellulose wande en is lewendig. Die selle het groot vakuole gevul met selsap. Selle het intersellulêre lugruimtes. Soms bevat parenchium selle chlorofil en kan dit fotosintetiseer en word dan chlorenchium genoem.

**Funksies:**  
Dien as verpakings- of vulselweefsel. Berg voedsel en water. Die vakuool is meestal turgesent (vol water) en bied dus ondersteuning vir die selle en dus vir die hele plant. In chlorenchium selle vind fotosintese plaas. Intersellulêre ruimtes laat gaswisseling toe.

**Eenvoudige**  
Weefsels bestaan uit identiese selle met verskillende vorme, afhange van hulle funksie

**Kollenchium**




**Struktuur:**  
Lewende selle (kern en sitoplasma teenwoordig). Primêre selwand is by die hoeke verdik (onewredig) met ekstra sellulose. (Bied ekstra meganiese sterkte)

**Funksies:**  
Langwerpige, dig gepakte selle. Geen tussenruimte lugruimtes. Selle kan chloroplaste bevat.

**Funksies:**  
Versterking en ondersteuning in stingels en blare.

**Sklerenchium**




**Struktuur:**  
Eweredig verdikte sekondêre wande met groot afsettings lignien, wat 'n houtagtige stof is. Verantwoordelik vir versterking. Dooie selle met geen selinhoud. Selwande besit pitkanale wat dien as kanale tussen selle. Klein lumen (ruimte) teenwoordig.

**Funksies:**  
Dien as versterking en bied meganiese ondersteuning

**Kompleks**  
Weefsels bestaande uit verskillende tipes selle wat saamwerk.

**Xileem**


**Funksies:**  
Vervoer van water en ione, versterking, ondersteuning



**Houtvate +**  
**Trageiede**

**Floeëm**

**Funksies:**  
Vervoer organise voedingstowwe



**Sifvate +**  
**Begeleidende selle**